



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 27 OKTOBER 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Papier, J R (GOOD)
Booyesen, A M (VF+)	Penxa, B J (ANC)
Daniels, C (DA)	Pieters, C (ANC)
Duda, A A (EFF)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Zyl, M (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle E C O'Kennedy, G Vermeulen, A K Warnick en rdh B J Stanley.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1/...



MINUTES OF A MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD IN THE TOWN HALL, MALMESBURY ON THURSDAY, 27 OCTOBER 2022 AT 10:00

PRESENT:

Speaker, ald M A Rangasamy
Executive Mayor, ald J H Cleophas
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

COUNCILLORS:

Bess, D G (DA)	Papier, J R (GOOD)
Booyesen, A M (VF+)	Penxa, B J (ANC)
Daniels, C (DA)	Pieters, C (ANC)
Duda, A A (EFF)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Zyl, M (DA)

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services ms J S Krieger
Manager: Secretarial and Records, ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, alderdames, aldermen, councillors and officials.

The Municipal Manager opened the meeting with a scripture reading and prayer at the request of the Speaker.

The Speaker congratulated councillors and officials who had celebrated birthdays recently.

2. APOLOGIES

Apologies received from clrs E C O’Kennedy, G Vermeulen, A K Warnick and ald B J Stanley.

3. DEPUTATIONS/DECLARATIONS AND COMMUNICATIONS/SUBMISSIONS

None.

4. MINUTES FOR APPROVAL

4.1/...

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 JULIE 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Julie 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 25 AUGUSTUS 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 25 Augustus 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 13 JULIE 2022

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2022
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022

5.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 22 SEPTEMBER 2022
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2022

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 16 AUGUSTUS 2022

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2022

6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 13 SEPTEMBER 2022

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1/...

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY COUNCIL MEETING HELD ON 28 JULY 2022

RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by clr D G Bess)

That the minutes of an Ordinary Council Meeting held on 28 July 2022 are approved and signed by the Mayor.

4.2 MINUTES OF AN ORDINARY COUNCIL MEETING HELD ON 25 AUGUST 2022

RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by rdl D G Bess)

That the minutes of an Ordinary Council Meeting held on 25 August 2022 are approved and signed by the Mayor.

5. REPORTING IN RESPECT OF THE DELEGATED DECISION MAKING BY THE EXECUTIVE MAYOR

RESOLUTION

That note is taken of the decisions made by the Executive Mayor in accordance with his delegated power in the following minutes:

5.1 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 13 JULY 2022

5.2 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 17 AUGUST 2022

read in conjunction with

MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 10 AUGUST 2022

5.3 MINUTES OF A SPECIAL MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 22 SEPTEMBER 2022

read in conjunction with

MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 14 SEPTEMBER 2022

6. REPORTING IN RESPECT OF THE DELEGATED DECISION MAKING BY THE MUNICIPAL MANAGER

RESOLUTION

That note is taken of the decisions made by the Municipal Manager in accordance with his delegated power in the following minutes:

6.1 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 16 AUGUST 2022

6.2 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 22 AUGUST 2022

6.3 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 13 SEPTEMBER 2022

7. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None.

8. MATTERS FOR DISCUSSION

8.1/...

8.1 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP (1/1)

Die konsep Verordening insake die Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop is op 25 Augustus 2022 aan die Raad voorgelê vir doeleindes om die publieke deelnameproses te deurloop.

Daar is geen kommentaar/insette ontvang teen die sperdatum van 23 September 2022 nie.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 18 Oktober 2022 die verordening oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

- (a) Dat die volgende verordening aangeneem word deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop;
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

8.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JULIE TOT SEPTEMBER 2022 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die kwartaalverslag is op 25 Oktober 2022 aan die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) voorgelê vir bespreking as deel van laasgenoemde se oorsigrol.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie tot 30 September 2022.

8.3 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: HERSIENING VAN DIENSSTAAT (4/1/1/2/1)

Die Munisipaliteit se diensstaat is in terme van die Plaaslike Regering: Munisipale Personeelregulasies, Nr 890 en Nr 891 gedateer 20 September 2021 hersien.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en bevestig dat die bestaande organisatoriese struktuur, gegewe die konserwatiewe benadering tot die vulling van vakatures en uitbreiding van die struktuur, grotendeels in lyn is met die maatstawwe soos voorgeskryf deur die Personeelregulasies.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die lys van nuwe poste en noem dat hierdie behoeftes oor 'n termyn ingefasseer sal word. Daar mag egter nie poste op die organisatoriese struktuur geplaas word wat nie befonds is nie en daarom sal daar geleentheid wees met die goedkeuring van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan om die organisatoriese struktuur dienooreenkomstig te hersien.

Die Speaker bring/...

8.1 ACCEPTANCE OF THE REGULATION IN RESPECT OF CONTROL OVER BUSINESSES SELLING ALCOHOL TO THE PUBLIC (1/1)

The draft Regulation in respect of Control of Businesses selling Alcohol to the Public was submitted to the Council on 25 August 2022 in order to initiate the public participation process.

There were no comments/input received by the closing date 23 September 2022.

The Executive Mayor's Committee considered the regulation on 18 October 2022 for submission to the Council.

The Speaker brought the matter to the vote and it was decided –

UNANIMOUS RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by add M van Zyl)

- (a) That the following by-law be adopted by Council, to take effect on date of promulgation in the Provincial Gazette:
 - Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public;
- (b) That fines for offences of the by-law be determined by the Department of Justice.

8.2 QUARTERLY REPORT (SECTION 52 VAN MFMA): JULY TO SEPTEMBER 2022 (7/1/2/2-2)

The submission of the quarterly report to the Council is prescribed by section 52(d) of the Local Government Act: Municipal Financial Management, Act 56 of 2003 (MFMA).

The quarterly report was submitted to the Municipal Public Accountability Committee (MPAC) for discussion as part of the latter's oversight role.

RESOLUTION

(proposed by clr D C Pypers, seconded by clr C Daniels)

That Council takes cognisance of the attached quarterly report, as required by Section 52 of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 in respect of the implementation of the budget as well as the performance against the Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan of the municipality for the period 1 July to 30 September 2022.

8.3 SWARTLAND MUNICIPALITY: REVISION OF RECORD OF SERVICE (4/1/1/2//1)

The Municipality's Record of Service was revised in terms of the Local Government: Municipal Personnel Regulations, No 891 dated 20 September 2021.

The Municipal Manager dealt with the report and confirmed that the existing organizational structure, given the conservative approach to the filling of vacancies and extension of the structure, is largely in line with the guidelines as prescribed by the Personnel Regulations.

The Municipal Manager referred to the list of new posts and stated that these needs would be phased in over a period of time. Posts may not be placed on the organizational structure for which there is no funding and therefore there will be an opportunity to revise the latter with the approval of the Integrated Development Plan.

The Speaker brought the matter to the vote and it was decided (in the absence of four (4) councillors) with eleven (11) votes in favour of the implementation of the revised record of service and the rest of the councillors abstained.

RESOLUTION

(proposed by ald J H Cleophas, seconded by clr N Smit)

8.3/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van vier (4) raadslede) met elf (11) stemme ten gunste van die implementering van die hersiende diensstaat met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die kommentaar en besware van die vakbonde soos geopper tydens die vergadering van die Plaaslike Arbeidsforum gehou op 20 Oktober 2022;
- (b) Dat die Raad kennis neem van die werkgewer se voorneme om die kommentare rakende die Departement Verkeer/Wetstoepassingbedryf en Voertuig-lisensiëringsadministrasie sowel as die Departement Siviele Bedryf en Onderhoud, Afdeling Riool en Afvalwaterbehandelingsaanleg teen 'n latere datum aan te spreek;
- (c) Dat die Raad die hersiening van die diensstaat goedkeur vir implementering met ingang van 1 Januarie 2023.

**GETEKEN:
SPEAKER**

8.3/...

- (a) That the Council takes note of the comments and objections of the unions as put forward during the meeting of the Local Labour Forum held on 20 October 2022;
- (b) That the Council takes note of the employer's undertaking to address the comments regarding the Department Traffic/Law Enforcement Operations and Vehicle Licencing Administration as well the the Department Civil Operations and Maintenance, Division Sewer and Waste Water Treatment Works at a later date;
- (c) That the staff establishment review be approved by Council for implementation with effect from 1 January 2023.

**SIGNED
SPEAKER**



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD VIRTUEEL
GEHOU OP WOENSDAG, 30 NOVEMBER 2022 OM 14:00**

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Soldaka, P E (ANC)
Ngozi, M (ANC)	Van Essen, T (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Van Zyl, M (DA)
Papier, J R (GOOD)	Vermeulen G (VF+)
Penxa, B J (ANC)	Warnick, A K (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, I S le Minnie, N Smit en rdh B J Stanley.

BESLUIT dat kennis geneem word dat rdle C Daniels en R J Jooste afwesig is sonder verlof.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 RAADSLIDVERGOEDING: IMPLEMENTERING VAN DATATOELAAG (5/10/1)

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die belangrikste aspekte uit die verslag aan die Raad voor te lê.



MINUTES OF A SPECIAL MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD VIRTUALLY ON WEDNESDAY, 30 NOVEMBER 2022 AT 14:00

PRESENT:

Speaker, ald M A Rangasamy
Executive Mayor, ald J H Cleophas
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

COUNCILLORS:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Soldaka, P E (ANC)
Ngozi, M (ANC)	Van Essen, T (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Van Zyl, M (DA)
Papier, J R (GOOD)	Vermeulen G (VF+)
Penxa, B J (ANC)	Warnick, A K (DA)

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Protection Services mr P A C Humphreys
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Manager: Secretarial and Records, ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, alderdames, aldermen, councillors and officials

The Municipal Manager opened the meeting with a scripture reading and prayer at the request of the Speaker.

The Speaker congratulated councillors and officials who had celebrated birthdays recently.

2. APOLOGIES

Apologies received from clrs C Fortuin, I S le Minnie, N Smit and ald B J Stanley.

RESOLUTION that note is taken that clrs C Daniels and R J Jooste were absent without an apology.

3. DEPUTATIONS/DECLARATIONS AND COMMUNICATIONS/SUBMISSIONS

None.

4. MATTER FOR DISCUSSION

4.1 REMUNERATION FOR COUNCILLORS: IMPLEMENTATION OF DATA ALLOWANCE (5/10/1)

4.1/...

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat dit 'n bindende bepaling is dat die Nasionale Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake die boperkte t.o.v. raadslidvergoeding jaarliks teen 31 Maart moet afkondig. Die rede hiervoor is om plaaslike owerhede in staat te stel om dienoooreenkomstig vir vergoeding van raadslede te begroot.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Nasionale Minister, met verwysing na die afkondiging van die 2021/2022 raadslidvergoeding op 2 Junie 2021, telkens faal om die afkondiging betyds te doen. Bevestigend hiervan is dat die afkondiging ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar (vir implementering vanaf 1 Julie 2022) nog nie ontvang is nie

Die Raad het tydens 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 15 Junie 2022 goedkeuring verleen vir die implementering van die 2021/2022 raadslidvergoeding, onder andere, dat die datatoelaag ten bedrae van R300 ingesluit word by die selfoontoelaag. Die effek hiervan was dat die R300 datatoelaag terugwerkend vanaf herverkiesde en nuwe raadslede verhaal moes word.

'n Wysigingskennisgewing gedateer 2 November 2022 is ontvang – afgekondig in Staatskoerant 47437 – is ontvang waarin bepaal word dat 'n selfoontoelaag en datatoelaag van toepassing is.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar nog nie duidelikheid is of die nuwe bepaling terugwerkend van toepassing is nie en dat riglyne in hierdie verband vanaf die Departement van Plaaslike Regering afgewag word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word daar –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing No. 2698 soos afgekondig in Staatskoerant 47437 gedateer 2 November 2022, asook die implikasies wat die implementering van die datatoelaag vir die Munisipaliteit inhou ten aansien van die 2022/23 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2022/23 bedryfsbegroting gemaak is om die datatoelaag te dek, en dat die Raad gevolglik goedkeuring verleen vir die implementering daarvan, met effek vanaf 1 November 2022;
- (c) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die datatoelaag.

**GETEKEN:
SPEAKER**

4.1/...

The Speaker gave the Municipal Manager the opportunity to present the important aspects in the report to the Council.

The Municipal Manager confirmed that it is a binding stipulation that the National Minister of Co-operative Governance and Traditional Affairs must promulgate the upper limit in respect of remuneration for councillors, annually by 31 March. The reason for this is in order that the local authorities are then in the position to budget for remuneration for councillors accordingly.

The Municipal Manager confirmed that the National Minister, with reference to the promulgation of the 2021/2022 remuneration for councillors on 2 June 2021, failed to execute the promulgation on time. Confirmation of this is that the promulgation with reference to the 2021/2022 financial year (for implementation from 1 July 2022) has not yet been received.

During A Special Council meeting held on 15 June 2022 the Council approved the implementation of the 2021/2022 remuneration for councillors, inter alia, that the data allowance to the amount of R300 is included in the cell phone allowance. The affect of this was that the R 300 data allowance of re-elected and new councillors had to be recovered.

An amendment notice dated 2 November 2022 has been received – promulgated in Government Gazette 47437 – in which it is stipulated that a cell phone allowance and a data allowance are appropriate.

The Municipal Manager confirmed that there is not yet clarity as to whether the new regulation can be retrospectively applied and that the guidelines in this respect are awaited from the Department of Local Government.

The Speaker brought the matter to the vote and there was a -

UNANIMOUS RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr J M de Beer)

- (a) That the contents of Government Notice No. 2698 as published in Government Gazette 47437 dated 2 November 2022 be noted, as well as the implications for the Municipality of implementation of the data allowance in respect of the 2022/23 financial year, as explained in Annexure B to this report;
- (b) That cognizance be taken that adequate provision has been made in the 2022/23 operating budget in order to cover the data allowance, and that the Council therefore grants approval for the implementation of same with effect from 1 November 2022;
- (c) That the consultation prescripts of the MEC for local government be complied with in order to obtain the latter's approval for the implementation of the data allowance.

**SIGNED
SPEAKER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, UITVOERENDE BURGEMEESTER OP DINSDAG, 18 OKTOBER 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl N Smit
Rdl A K Warnick (virtueel ingeskakel)
Rdl T van Essen

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom teenwoordigers en open die vergadering met gebed.
'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Munisipale Bestuurder en rdl A K Warnick wat onlangs operasies ondergaan het en word hulle 'n spoedige herstel toegewens.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskoning ontvang vanaf rdl D G Bess.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 SEPTEMBER 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 September 2022 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word,

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 OKTOBER 2022



MINUTES OF A MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD IN THE COMMITTEE ROOM, ON TUESDAY, 18 OCTOBER 2022 AT 10:00

PRESENT:

Executive Mayor, ald J H Cleophas (chairman)
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

Members of the Mayor's Committee:

Clr N Smit
Clr A K Warnick (attended virtually)
Ald T van Essen

Other councillors:

Ald M A Rangasamy (Speaker)

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Manager: Secretarial and Record Services, ms N Brand

1. OPENING

The Executive Mayor welcomed all present and opened the meeting with a prayer. A special word of welcome was extended to the Municipal Manager and clr A K Warnick who have had operations recently and were wished a speedy recovery.

2. APOLOGIES

NOTE IS TAKEN of the apology received from clr D G Bess.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

Noine

4. MINUTES

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 22 SEPTEMBER 2022

RESOLUTION

(proposed by clr J M de Beer, seconded by ald T van Essen)

That the minutes of an Ordinary Executive Mayor's Committee meeting held on 22 September 2022 are approved and signed by the Mayor,

5.1 MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 12 OCTOBER 2022

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;
- (b) Dat kennis geneem word dat die watervlakke van reservoirs wat negatief beïnvloed was deur beurtkrag die afgelope twee weke herstel het tot $\pm 90\%$, maar dat die situasie bestuur word gegewe die instelling van Vlak 4-beurtkrag op datum;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat daar op tender uitgegaan is vir die aankoop van 'n kragopwekker vir installering by die Rustfontein-pompstasie wat die Glen Lily-reservoir voed en dat befondsing tydens die begrotingsproses oorweeg sal word vir die installering van 'n kragopwekker by die Swartland Watersuiweringswerke by die Voëlvleldam.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;
- (b) Dat kennis geneem word dat, met verwysing daarna dat die verkeerskantore gesluit moet word gedurende beurtkrag, die Departement Elektriese Ingenieursdienste in proses is om 'n behoefte-bepaling te doen van rugsteunkrag wat benodig word regoor die Munisipaliteit ten tye van beurtkrag om volgehoue dienslewering te verseker;
- (c) Dat, met in ag neming van die aptyt van die publiek om tariefverhogings bo die inflasiekoers te bekostig, die risiko-areas vir volgehoue dienslewering geïdentifiseer sal word vir die infassering van rugsteunkrag oor die meerjarige begrotingstermyn.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1/...

5.1.1 MUNICIPAL MANAGER, ADMINISTRATION AND FINANCES

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr A K Warnick)

That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.

5.1.2 CIVIL AND ELECTRICAL SERVICES

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr A K Warnick)

- (a) That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes;
- (b) That note is taken that the water levels in the reservoirs which were negatively affected by the load shedding in the last two weeks have been restored to $\pm 90\%$, but that the situation is being managed given the introduction of load shedding level 4 at present;
- (c) That note is also taken that a tender for the purchase of a generator has been issued for installation at the Rustfontein pumping station which feeds the Glen Lily reservoir and that funding will be considered during the budgeting process for the installation of a generator at the Swartland Water Purification Works at the Voëlvlei Dam.

5.1.3 DEVELOPMENT SERVICES

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr A K Warnick)

That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.

5.1.4 PROTECTION SERVICES

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr A K Warnick)

- (a) That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.
- (b) That note is taken that, with reference thereto, that the traffic offices must be closed during load shedding, the Department of Electrical Engineering Services is in the process of doing a demand assessment in respect of back-up power which is necessary throughout the Swartland in times of load shedding in order to ensure sustained service delivery;
- (c) That, taking into account the public's capacity to afford tariff increases above the inflation rate, the areas of risk for sustained service delivery will be identified for phasing in backup power over the multi year budget term.

6. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None.

7. NEW MATTERS

7.1/...

7.1 AANVAARDING VAN VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP (1/1)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die konsep verordening op 25 Augustus 2022 aan die Raad voorgelê was ten einde die publieke deelnameproses te inisieer.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat daar geen insette op die konsep verordening ontvang is nie, ook nie vanaf enige SAPD-offisier nie.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 27 Oktober 2022)

- (a) Dat die volgende verordening aangeneem word deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

7.2 BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (PAIA): HERSIENING VAN HANDLEIDING (1/1/1/34)

Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPIA) het 'n impak gehad op die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (PAIA), onder andere, dat aangeleenthede rakende die verwerking van persoonlike inligting by die PAIA-handleiding ingesluit moet word.

Die Wysigingswet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 31 van 2019 is dus afgekondig om bepalings neer te lê vir die hersiening van die PAIA-handleiding.

Die hersiende PAIA-handleiding is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die PAIA-handleiding soos opgestel ingevolge artikels 14 en 51 van PAIA, soos gewysig, goedgekeur word;
- (b) Dat kennis geneem word dat dit nie wetlik verplig is om die goedgekeurde PAIA-handleiding aan die Inligtingsreguleerder te voorsien nie, maar dat dit op die webtuiste geplaas moet word en beskikbaar wees by die hoofkantoor van die Munisipaliteit;
- (c) Dat die goedgekeurde PAIA-handleiding aan al die Adjunk-Inligtingsbeamptes gesirkuleer word om enige versoeke tot inligting wat deur die Munisipaliteit gehou word te hanteer.

7.3 SWARTLAND RAADSLID BESKERMINGSBELEID (3/B)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Swartland Raadslid Beskermingsbeleid opgestel is by 'n gebrek aan enige riglyne vanaf Provinsie of enige ander plaaslike owerheid. Dit mag gebeur dat met die toepassing van die beleid sekere leemtes uitgewys word waarvolgens die beleid aangepas sal word.

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel sekere aspekte uit die beleid, spesifiek ten opsigte van rolle van verantwoordelikheid.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Swartland Raadslid Beskermingsbeleid deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee goedgekeur word met ingang van 18 Oktober 2022.

7.1 ADOPTION OF REGULATION IN RESPECT OF MANAGEMENT OF BUSINESSES WHICH SELL LIQUOR TO THE PUBLIC (1/1)

The Director: Corporate Services stated that the draft regulation was submitted to the Council on 25 August 2022 in order to initiate the public participation process.

The Director: Corporate Services stated that there was no input received in respect of the draft regulation, also not from any SAPS officers

RESOLUTION (for recommendation to the Council on 27 October 2022)

- (a) That the following by-law be adopted by Council, to take effect on date of promulgation in the Provincial Gazette:
 - Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public;
- (b) That fines for offences of the by-law be determined by the Department of Justice.

7.2 PROGRESS IN RESPECT OF ACCESS TO INFORMATION (PAIA): REVISION OF HANDBOOK (1/1/1/34)

The Protection of Personal Information Act, Act 4 of 2013 (POPIA) has had an effect on the requirements of progress in respect of Access to Information, Act 2 of 2000 (PAIA), inter alia, that matters in respect of processing personal information which must be included in the PAIA hand book.

The Amended Act in respect of the Progress of Access to Information, Act 31 of 2019 was therefore promulgated in order to advise the requirements for the revision of the PAIA handbook.

The revised PAIA handbook was circulated with the agenda.

RESOLUTION

- (a) That the PAIA Manual as compiled in accordance with sections 14 and 51 of PAIA, as amended, be approved;
- (b) That cognisance be taken that it is not a legislative requirement to submit the PAIA Manual to the Information Regulator, but it must be placed on the municipal website and be made available at the Head Office of the Municipality;
- (c) That the PAIA Manual be circulated to all Deputy Information Officers in order to assist with requests for access to information that are held by the Municipality.

7.3 SWARTLAND COUNCILLOR PROTECTION POLICY (3/B)

The Municipal Manager stated that the Swartland Councillor Protection Policy was drawn up in the absence of any guidelines from Province or any other local authority. It may happen that, during the use of the policy, certain deficiencies are shown up where after the policy will be adjusted.

The Director: Protection Services dealt with certain aspects of the policy, specifically in respect of roles of responsibility.

RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr J M de Beer)

That the Executive Mayoral Committee approve the attached Swartland Councillor Protection Policy with effect from 18 October 2022.

7.4 VOORGESTELDE SKOFTE: REAKSIE-EENHEID EN VERKEER- EN WETSTOE-PASSING (STLES) (4/2/2)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die aanstellingsertifikate van lede van die Reaksie-Eenheid op 17 Oktober 2022 uitgereik is. Noudat lede operasioneel aangewend kan word sal daar eers gekyk moet word watter leemtes die Reaksie-Eenheid kan vul.

BESLUIT

Dat die item teruggetrek word om 'n meer holistiese verslag op te stel, met in ag neming van die aanwending van die Reaksie-Eenheid binne die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens.

7.5 BEGROTING VIR ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAAL: 2023/2024 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die beraamde uitgawes vir instandhouding en rehabilitasie van Provinsiale Hoofpaaie jaarliks in samewerking met provinsiale amptenare bepaal word.

Die lys van voorgestelde projekte (beraamde totale bedrag van R10 338 000) is met die sakelys gesirkuleer vir voorlegging aan die Distrikspadingenieur vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die begroting vir die onderhoud aan provinsiale hoofpaaie vir die 2023/2024 finansiële jaar deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word.

7.6 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag ten opsigte van die kwartaalike prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder, naamlik:

"Number of reports on the management of the contracts or agreements (supply chain) and the performance of contractors submitted to mayoral committee."

Die Munisipale Bestuurder noem dat kontrakbestuur een van die fokusareas van die Ouditeur-Generaal is en dat die verslag uitgebrei sal word om meer volledige rapportering daar te stel.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die kwartaalike verslag ten opsigte van die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 September 2022.

7.7 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2022 TOT 30 SEPTEMBER 2022 (8/1/B/2)

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaalike basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 September 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a)/...

7.4 PROPOSED SHIFTS: REACTION UNIT AND TRAFFIC AND LAW ENFORCEMENT (STLES) (4/2/2)

The Municipal Manager stated that the appointment certificates of members of the Reaction Unit were issued on 17 October 2022. Now that members can be used operationally it must first be established which gaps the Reaction Unit can fill.

RESOLUTION

That the item is withdrawn in order to draw up a more holistic report, taking into account the application of the Reaction Unit within the Traffic and Law Enforcement Service.

7.5 BUDGET FOR THE MAINTENANCE OF PROVINCIAL MAIN ROADS: 2023/2024 FINANCIAL YEAR (5/6/1/1/2)

The Director: Civil Engineering Services confirmed that the estimated expenditure for maintenance and rehabilitation of Provincial Main Roads is determined annually in conjunction with provincial authorities.

The list of proposed projects (estimated total amount of R 10 338 000) was circulated with the agenda for submission to the District Roads Engineer for consideration and approval.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr J M de Beer)

That the Executive Mayoral Committee approves the budget of expenses for Provincial Main Roads for the 2023/2024 financial year.

7.6 QUARTERLY REPORT IN RESPECT OF PERFORMANCE OF CONTRACTORS (8/1/B/2)

The report in respect of the quarterly performance evaluation of contractors which is drawn up in accordance with the Supply Chain Management Policy is presented in compliance with Section 116(2) of the MFMA and the core indicators of the Municipal Manager, namely:

"Number of reports on the management of the contracts or agreements (supply chain) and the performance of contractors submitted to mayoral committee."

The Municipal Manager stated that contract management was one of the focus areas of the Auditor General and that the report will be expanded in order to facilitate more complete reporting.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr N Smit)

That cognisance is taken of the quarterly report regarding the performance of contractors for the period 1 July 2022 to 30 September 2022.

7.7 REPORT IN RESPECT OF IMPLEMENTATION OF THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY FOR THE PERIOD 1 JULY 2022 TO 30 SEPTEMBER 2022 (8/1/B/2)

A report in respect of the Supply Chain Management Policy must be presented to the Executive Mayor, on a quarterly basis, in accordance with paragraph 6(3) of the Municipal Supply Chain Management Regulation.

The report for the period 1 July 2022 to 30 September 2022 was circulated with the agenda.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr N Smit)

(a)/...

7.7/...

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaalike verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 September 2022, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D);

7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste beklemtoon die feit dat kredietbeheer daaglik toegepas moet word en skryf die verhoging in skulde daaraan toe dat kernpersoneel in die betrokke afdeling beskikbaar gestel is om aandag te gee aan versoeke om inligting vanaf die Ouditeur-Generaal vir uitvoering van die eksterne audit.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar gereelde intervensies met munisipale personeel is wat agterstallig is met hul diensterekeninge.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir September 2022.

7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise – die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat daar drie nuwe eise geregistreer is.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die verwysingsraamwerk van die ongelukskomitee hiesien sal word om gelde wat betaal moet word wanneer 'n amptenaar nie nalatig was nie, nie te beskou as 'n vrugtelose en verkiste uitgawe nie, maar as 'n bybetaling tot die eis.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DIENSTE DEUR KONFERENSIE FASILITEITE (8/1/B/2)

Die Raad is in proses om 'n nuwe Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) op te stel en is daar 'n strategiese sessie in die verband belê met die senior bestuurders.

Die formaat van die strategiese sessie behels dat daar, onder andere, in kleiner groepe opgedeel moet word en moet die konferensie fasiliteite hieraan voldoen.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar elf (11) kwotasies ingewin is in 'n poging van die dienste van 'n plaaslike diensverskaffer gebruik te maak. Konferensiefasiliteite en restaurante doen egter nie as 'n reël besigheid met plaaslike owerhede nie, en daarom is daar nie voldoen deur plaaslike diensverskaffers aan die nodige vereistes ingevolge die voorsieningkanaalbestuurs-beleid nie, bv. registrasie op die sentrale databasis, SARS-vereistes, ens.

7.7/...

- (a) That cognisance is taken of the Quarterly Report in respect of the implementation of the Supply Chain Management Policy as envisaged by section 6(3) of the Regulations, as well as reports on the Formal Tenders (Annexure A), Informal Tenders (Annexure B), and the Deviation Report (Annexure C);
- (b) That cognisance is taken of the services rendered for the period 1 July 2022 to 30 September 2022 with reference to the exceptions where it is impractical to test the market and therefore justified a deviation from the procurement processes in terms of paragraph 2(6) of the Supply Chain Management Policy (Annexure D).

7.8 OUTSTANDING DEBTORS: SEPTEMBER 2022(5/7/1/1)

A complete list of outstanding debtors was circulated with the agenda.

The Director: Financial Services emphasized the fact that credit management must be applied daily and attributes the increase in debt to the fact that the core personnel in the relevant division are made available to pay attention to requests to get information from the Auditor General for execution of the external audit.

The Municipal Manager confirmed that there are regular interactions with municipal personnel who are in arrears with their municipal accounts.

RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by clr A K Warnick)

That cognizance be taken of the report with reference to the state of the outstanding debtors of Swartland Municipality for September 2022.

7.9 PROGRESS IN RESPECT OF OUTSTANDING INSURANCE CLAIMS (5/14/3/5)

In accordance with the Asset Management Policy outstanding insurance claims must be reported monthly – the Director: Financial Services reported that there were three new claims registered.

The Director: Financial Services stated that the referral framework of the accident committee will be revised in order that the money, which must be paid when an official was not guilty, must not be seen as a useless and squandered expense, but as an excess to the claim.

RESOLUTION

That cognizance be taken of the state of outstanding insurance claims up to and including 30 September 2022 as circulated with the business list.

7.10 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: SERVICES FROM CONFERENCE FACILITIES (8/1/B/2)

The Council is in the process of drawing up a new Integrated Development Plan (IDP) and a strategic session in this connection was convened with senior managers.

The format of the strategic session incorporates, inter alia, that meetings must be divided into smaller groups and conference facilities must therefore provide facilities accordingly.

The Municipal Manager stated that there were eleven (11) quotations received in an effort to make use of local service providers. Conference facilities and restaurants do not as a rule do business with local authorities, therefore local service providers do not comply with the necessary requirements in accordance with the supply chain management policy eg. registration on the central database, SARS requirements etc.

7.10/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen om die dienste van *Homemade at Toast* te gebruik vir die strategiese sessie oor 3 dae teen 'n bedrag van R74 800,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Dit was moeilik om spesifikasies op te stel, aangesien baie fasiliteite weens Covid-19 afgeskaal het en sommige hul deure gesluit het, daarom is daar tussen datums beweeg om 'n geskikte tyd en fasiliteit te bekom;
 - (ii) Die fasiliteit moet voldoen aan die spesifieke vereistes om 'n strategiese sessie oor die 3 dae aan te bied;
 - (iii) Die fasiliteit vir die 3 dae moet aparte lokale beskikbaar het vir wegbreeksessies;
 - (iv) Die fasiliteit was besoek om te bevestig dat daar aan al die vereistes voldoen word;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R74 800,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER

7.10/...

RESOLUTION

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Channel Management Policy;
- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to grant approval to use the services of *Homemade at Toast* for the strategic session over 3 days at an amount of R74 800.00 (VAT excluded);
- (c) That the reasons for the deviation from the prescribed procurement procedures are as follows:
 - (i) It was difficult to draw up specifications, as many facilities scaled back due to Covid-19 and some closed their doors, therefore dates were moved to obtain a suitable time and facility;
 - (ii) The facility must meet the specific requirements to host a strategic session over the 3 days;
 - (iii) The facility for the 3 days must have separate premises available for breakout sessions;
 - (iv) The facility was visited to confirm that all the requirements are met;
- (d) That there are sufficient funds available and that the expenditure amounting to R74 800.00 (excluding VAT) is settled against post number 9/241-1253-709;
- (e) That the Manager: Financial Statements in terms of the Supply-channel management policy is instructed to include the above-mentioned reason as a note in the financial statements, when the relevant statements are drawn up.

(SGD) J H CLEOPHAS
EXECUTIVE MAYOR



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP DINSDAG, 11 OKTOBER 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

Penxa, B J	Van Essen, T (rdh)
Pypers, D C	van Zyl, M (rdd)
Rangasamy, M A (rdh)	Vermeulen, G
Soldaka, P E	Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
